




SHOP MEDIA24 Tot 70% afslag op uitgesoekte tydskrifte Lees | Reis | Speel | Kook Net by Media24shop.com

# Louis Heyneman groet ná 25 j. op 'n hoë noot



26 Nov.

Laetitia Pople

NETWERK24





Louis Heyneman voor die Kaapstadse Filharmoniese Orkes, waarvan hy binnekort die leisels as die uitvoerende hoof oorgee. Foto: Netwerk24/Rapport

Musiek was van kleintyd af rigtinggewend in Louis Heyneman se lewe. Op 10 het hy sy pa gevra om vir hom as verjaardaggeskenk Beethoven se Vyfde Simfonie – spesifiek gedirigeer deur Herbert von Karajan – te gee. En 'n kamera sou gaaf wees.

So het sy liefdes reeds vroeg gemanifesteer, sê Heyneman, wat pas ná 'n kwarteeu se diens uittree as uitvoerende hoof en artistieke direkteur van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes (KFO). Hy is reg om die leisels middel Desember aan Adriaan Fuchs (43) te oorhandig.

Hy lag. "Waar kry jy nou so 'n voorbarige seuntjie van Moorreesburg? Ek het graag sport gedoen, was lief vir atletiek en goed daarin, nie eintlik rugby nie. Maar musiek en letterkunde, van vroeg af was ek regtig lief daarvoor."

Hy koester steeds daardie langspeelplaat met Von Karajan.

GEWILDSTE

1. Blou Bul se sussie steel Brendan Peyper se hart
2. Vandag in Rapport: Lees alles hier op een plek
3. Seks in stort: 'Is dit óns pastoor op daai video?'
4. Legende van Bosveld op plaas vermoor
5. Familie-oorlog ná Amé se dood: 'Daai pa het my kleinkind vermoor!'

ADVERTENSIE



ADVERTENSIE




Hy het in 'n musiekhuis grootgeword met ouers wat uit 'n geslag van onderwysers kom.

"Al het hulle dit nie breed gehad nie, het hulle geglo die beste wat jy vir jou kind kan gee, is 'n goeie opvoeding."

Sy pa het klavier gespeel en sy tante was bibliotekaresse by die diskoteek van die SAUK in Seepunt. Sy het die kontakte gehad om vir hom die regte plate te kry.




Die tenoor Plácido Domingo, Louis Heyneman en Africa Melane.

Foto: Verskaf

"Soggens het ek om 06:00 wakker geword met die klanke van een van my ouer susters wat al van 05:00 af toonlere oefen."

Sy paadjie ná die lugmag, waar hy in die Kanaries gesing en van dorp tot dorp getoer het, was geplavei na Stellenbosch se konservatorium. Daar het hy klavier en orrel bestudeer en in die universiteitskoor van Philip McLachlan, destyds verbonde aan die departement skoolmusiek in die fakulteit opvoedkunde, gesing.

"Hy het nuwe wêrelde vir my oopgemaak."

Musiekonderwyser wou hy nie word nie en hy was deel van die tweede groep studente van die nuwe joernalistiekdepartement by die Universiteit Stellenbosch onder Piet Cillié (sy klasmaats was onder andere Rachelle Greeff, Marita van der Vyver en Irna van Zyl). Daarna het hy by *Die Burger* se kunsredaksie ingeval, reeds goed onderleg in skryf, want hy het al sedert sy tweede jaar plate vir die *Eikestadnuus* geresenseer.

"Die voortvarendheid van die jeug. Ek het my dienste daar aangebied, maar ek glo jy groei oor jare in jou mening in."

Sy joernalistiekstudie is later voortgesit aan die Universiteit van Missouri, Columbia, en hy het daarna as assistentredakteur van die glanstydskrif *De Kat* in Johannesburg gewerk.

Toe kom die kans om die leisels as direkteur by die Oude Meester-stigting in Stellenbosch oor te neem.

"Dit het so reg gevoel, want ek was terug by musiek, maar ek kon ook nog skryf. Ek het nou saam met Huberte (Rupert) gewerk – ons kon 'n verskil maak in musici se lewe, ons het baie kunstenaars finansieel bygestaan, pryse vir komponiste uitgeloof en pryse uitgegee, soos die Fleur du Cap-teaterpryse. Daar is tientalle CD's oor die jare heen opgeneem, en koorkompetisies gehou, soos die Oude Meester-koormusiekkompetisie."



## E-publikasies

Lees jou koerante en tydskrifte gerieflik in digitale formaat.




Begin lees



GEBORGDE INHOUD

'n Nuwe era van tersiêre studies is hier – gryp dit aan

## Eksklusief vir intekenare

LUISTERBOEK | 'Capitec: Stryd met die grotes' deur TJ Strydom






Luister hier, boekwurms! 'Capitec: Stryd met die grotes' deur TJ Strydom is die luisterboek vir Desember, eksklusief vir Netwerk24-intekenare. Dié eerste boek oor die ontstaan en sukses van Capitec illustreer die winsgewende en positiewe maatskaplike impak van innovasie en uit die boks dink.

Klik en luister

## Promosies

O koek – bestel nou joune en help kinders in nood





Die dirigent Bernhard Gueller, die tenoor Johan Botha en Louis Heyneman.

Foto: Verskaf

Toe kom die oproep van Ton Vosloo en Christoff Pauw om in die loodskomitee van die nuwe Kaapstadse Filharmoniese Orkes te dien en so die volhoubaarheid van klassieke musiek in Kaapstad te probeer verseker. Vir Heyneman was dit ’n sprong van geloof die donkerte in en waarskynlik die moeilikste tyd van sy lewe.

ADVERTENSIE




Die nuutgevormde orkes met Heyneman aan die stuur moes ’n stroombelynde orkes wees nadat die ou Kaapstadse stadsorkes en die Kruik (Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste)-orkes saamgesmelt het, maar steeds in gedwonge likwidasie moes gaan. Hulle het oudisies landwyd gedoen, want baie musici was beskikbaar omdat ander orkeste ook gevou het.

“Ons het baie teruggesny, klein begin en verseker dat dit reg is. As jy eers daardie groen knoppie druk, moet jy weet, daar is nie omdraaikans nie. Dit is nou 25 jaar later, ons het vol sale, nog nooit is ’n kunstenaar nie betaal nie, ons skuld niemand iets nie, elke maand het ons deurgekom, soms was dit werklik raap en skraap, ons kon ’n neseier opbou en gehore teruglok. Dit is vir my die belangrikste – dat die kultuur van ’n orkes versterk is in Kaapstad.”

Daar was die afgelope Saterdagaand nie vir ’n muis plek in die Kaapstadse stadsaal met die viering van die dirigent Bernhard Gueller se 30ste jaar in Kaapstad nie, met die KFO (85 orkeslede sterk) se glorieryke uitvoering van Mahler se Vyfde Simfonie.

Onder die orkes se sambreel is verskeie programme gestig om vir die jeug van ses tot 25 toegang tot klassieke musiek te verseker: Die Masidlale-projek word in Xhosa aangebied, ’n “voetsoolvlak-musiekprojek”, daar is die Musiekakademie wat teorieles en praktiese klasse aanbied, strykensembles, die Kaapstadse Filharmoniese Jeugblaasorkes (CPYWE), die Jeugorkes (CPYO), asook die Suid-Afrikaanse komponis- en dirigentkompetisie.

“Ons het aan die diepkant ingespring sonder dat ons regtig geweet het wat ons doen. Toe besef ons ons is hier besig met iets baie spesiaals, want hier kom nou skielik jong musici na vore uit onder meer die Kaapse Vlakte wat nooit voorheen die geleenthede gehad het nie, en hulle gedy. Dit was noodsaaklik om uit te breek uit daardie elitistiese siening van ’n orkes, te diversifiseer en vaardighede oor te dra aan ’n jonger geslag.”

ADVERTENSIE




‘Boere is bouers, nie brekers nie,’ sê Graanprodusent van die...



Vind jou weg deur Suid-Afrika se wynroetes met ons interaktiewe gids



Net 22% van Suid-Afrikaners het nog vertroue in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, luidens ’n nuwe verslag van die Instituut vir Sekerheidstudies. Hoe voel jy?

- Ja, ek het ook geen vertroue in die polisie nie.
- Nee, ek vertrou nog die polisie – wie anders gaan ons help?
- Ek vertrou eerder op privaat sekerheidsmaatskappye om my te beskerm.
- Dit hang af waar jy jou in die land bevind of jy die polisie kan vertrou.

Stem Resultate

Vorige resultate

## Nuusbriewe

Registreer gratis met jou e-posadres





Ontsluit só ’n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van nuus, streeknuus, sake, sport en raad tot resepte, reis en meer.

Klik vir nuusbriewe

## In-diepte

Kalender: Uit die argief 23-29 November



ONTHUL | Miljoene vloei vir ‘stink’ toilettenders in Gauteng




Kalender: Uit die argief 16-22 November



netwerk24.com

Hy glo baie van die jong musikante gaan eendag by die orkes werk "of hulle gaan dokters en verpleegsters word wat na die simfonie gaan kom luister, hulle is ons nuwe gehore".

"Ons hou kinders van die straat af met die programme, hul koördinasie verbeter, hul wiskunde verbeter – hulle ontwikkel selftrots, want hulle speel in 'n orkes. So het skenkers oor die jare heen na vore gekom en ons in staat gestel om verniet klasse aan te bied. Dit is 'n manier om terug te gee aan die gemeenskap."

Hy sê altyd 'n gemeenskap kry wat hy verdien, en Kaapstad verdien die beste.

"Die vraag bly: Hoekom het Bloemfontein, Gqeberha, Johannesburg en Durban nie 'n volhoubare, heeltydse orkes soos Kaapstad nie? Al hierdie stede behoort 'n volhoubare orkes te hê, maar ons is die enigste heeltydse ensemble wat saamoefen en saamspeel sedert hierdie sakemodel 25 jaar gelede ingetree het. Ons speel op 130 geleenthede per jaar en onderhou verskeie uitreikprogramme suksesvol."



Peter Martens omring deur kinders tydens die KFO se opleidingsessies.

Foto: KFO

Verskeie gerekende internasionale soliste en dirigente het ook Kaapstad aangedoen.

As mense dink Heyneman gaan ná sy aftrede met 'n glasie in die hand op 'n eiland sit, is hulle ver verkeerd.

Hy gaan die geveg voortsit met die departement van sport, kuns en kultuur oor die ongelyke finansiering van die orkeste, iets waaroor hy al verskeie artikels geskryf en drie ministers van kuns en kultuur aangevat het.

"Ek was in die vertrek toe daar aanvanklik besluit is om die Mzansi Nasionale Orkes te begin, wat drie konserte 'n jaar gee. Dit werk nie om al die geld vir een mens, Bongani Tembe, te gee en dat een persoon die volledige begroting vir musiek ontvang nie. 'n Duur dirigent van oorsee word genooi, oud-Suid-Afrikaners wat oorsee in orkeste speel, word ook genooi. Al die geld gaan in reis- en verblyfkoste en dan speel hulle een konsert in Johannesburg, een in Bloemfontein en een in Kaapstad. Hulle gebruik al die geld wat geoormerk is vir orkes-ontwikkeling wat op sowat R40 miljoen geskat word. Daarteenoor speel die KFO, wat nie geld van die nasionale regering ontvang nie, 11 maande van die jaar, 130 keer per jaar, ons speel vir ballet- en opera-uitvoerings en al die simfoniekonserte en het verskeie deurlopende uitreikprogramme na die jeug – met meer as 300 wat weekliks onderrig word, ons lei jong komponiste en dirigente op. Een nasionale orkes kan nie in Johannesburg of Pretoria gesetel wees en vir kinders oraloor opleiding gee nie."

Luidens die Kaapstadse Filharmoniese Orkes se jaarverslag het die orkes in die afgelope boekjaar 14 273 leerlinge bereik met sy programme met onder meer 'n aanbieding vir skole van *Peter and the Wolf*.

"Daarby is die KFO verreweg die grootste werkverskaffer aan klassieke musici in die land met 47 heeltydse spelers wat salarisse en 'n mediese fonds het en 100 ad hoc-spelers."

Die orkes het in die afgelope boekjaar 478 heeltydse en deeltydse werkgeleenthede geskep.

"Die KFO word net deur die stad ondersteun, met 'n klein bydrae van die Wes-Kaapse regering en stigtings en mense na wie hulle uitreik vir steun. Dit bly moeilik om aan die gang te bly."

Hy voel nou hy het sy deel gedoen en dit is nou tyd vir 'n jonger mens met nuwe idees soos Fuchs.

"Die 25 jaar het verbygevlieg. 'n Mens moenie vasklou aan 'n pos nie. Ek wil nog ander goed doen. Ek is baie bevoorreg en baie gelukkig dat ek vir 25 jaar die werk kon doen. Ek wil nie soos 'n sopraan wees wat nie weet wanneer om haar laaste noot te sing nie. Ek los die orkes


## Dié week op VIA

**Ontmoet 'Gekies vir die kollig!' seisoen 5 se leerlinge**

27 Nov.



Beplan jou kykweek

GELDEENHEDE HULPBRONNE JSE-INDEKSE

| | | |
|---|---|---|
| Rand - Dollar | 17.10 | ▲ +0.1% |
| Rand - Pond | 22.61 | ▲ +0.2% |
| Rand - Euro | 19.86 | ▼ -0.1% |
| Rand - Aus dollar | 11.20 | ▼ -0.1% |
| Rand - Jen | 0.11 | ▼ -0.4% |

Alle JSE-data is met minstens 15 minute vertraag iress

ADVERTENSIE




## Blitsblik op 'n maatskappy

**Volg die maatskappy se aandeelprys en lees nuwe Sens-verklarings en resultate hier.**

Soek

## Nuuswenke

**Het jy 'n nuuswenk of storie wat jy graag met Netwerk24 wil deel? Stuur gerus 'n e-pos aan ons nuusspan.**

Stuur 'n e-pos

op 'n goeie plek."




Vir hom bly die musici die helde, dit is hul hartstog en toewyding wat van die filharmoniese orkes 'n sukses maak, glo hy.

"Ons fasiliteer net. Die KFO het 'n fantastiese raad met Derek Auret, Pauw, Vosloo, Wendy Ackerman en ander, wat oor al die jare heen met woord en daad ondersteuning gegee het. Ons baklei nie, alles word op konsensus besluit. Ek het hier geleer om te luister na die mense om my."

Oor die jare heen het hy telkens vererings gaan afhaal vir sy werk, onder meer van die Wes-Kaapse regering vir sy lewenswerk en die burgemeestersmedalje vroeër vanjaar.

Nog pluimpies is dat deur sy bemiddeling die Operalia van Plácido Domingo in 2023 na Kaapstad gekom het en hy was ook die medefasiliteerder van die 35ste Hans Gabor Belvedere-sangkompetisie.

Oujaarsaand sal jy hom by die Weense Filharmoniese Orkes se Nuwejaarskonsert in Wene vind, waarvoor kaartjies haas onbekombaar is, 'n afskeidsgeskenk van die direksie.

"Ek weet nie hoe hulle dit reggekry het nie, dit is vir my 'n wonderbaarlike vooruitsig, dan volg vyf operas in die stad."

Ná die rustyd en kuiers by sy familie met wie hy 'n besonder hegte band het, kan 'n mens verseker wees Heyneman sal weer die moue oprol en betrokke raak by die musiekwêreld.

• Heyneman groet op 4 Desember met die konsert *Louis' Legacy* met die solis Miclen LaiPang en die dirigent Bernhard Gueller. Kaartjies by Webtickets.

VERWANTE ARTIKELS


Pianis Jan Hugo met KFO, dirigent Arjan Tien op simfonieverhoog


Wessel van Huyssteen se treffende kuns sal enige ruimte ophelder


Griekwa-spelers troos 5-jarige wat arm by Bloemhof-makietie breek

LEES MEER OOR:

KLASSIEKE MUSIEK


ADVERTENSIE




GET IT ON Google Play
EXPLORE IT ON AppGallery
Download on the App Store

Perskode | Ombudsman | Meer oor ons | Vrae en antwoorde | Adverteer op Netwerk24 | Werk vir 24.com | OLX | Property24 | Careers24 | Autotrader

© 2025 (3.0.25316.18) 24.com. Alle regte voorbehou.

GEBRUIKERSVOORWAARDES

MEDIA24 PRIVAATHEIDSBELEID

OPENBAARMAKING VAN KWESBAARHEID

KONTAK ONS

087 353 1300



CONFIGURE

KOMMENTAAR   MY PROFIEL

MODEREER

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Sien ons kommentaarbeleid

Kommentaar is gesluit vir hierdie storie.


## Alle kommentaar (5)

4 dae gelede

**Henning Viljoen**

Louis is n groot seder in die musiekgeskiedenis van Suid Afrika wat klassieke musiek laat oorleef het nadat die nuwe Suid Afrika met die vernietiging van die Streeksrade land wyd klassieke musiek bykans vernietig het


Respek   Antwoord   Rapporteer

Wys Kommentaar (5)

Volgende op Netwerk24

Medaljewenner vanjaar NJMK se gaskunstenaar



24 Nov.